# Die pad van geestelike groei (4) - Wapens



**2024-01-28**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**




1

Ef 6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die
krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van God aan,
sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 12 Want ons
worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede,
teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van
hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. 13 Daarom, neem die
volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die
dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan
bly. 14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met
die borswapen van die geregtigheid aan, 15 en as skoene aan julle
voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. 16 Behalwe dit
alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle
van die Bose sal kan uitblus. 17 En neem aan die helm van
verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—
18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in
die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al
die heiliges

2

# Ons is in 'n oorlog

Ef 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.




- Die mens se lewe op aarde is maar eintlik 'n oorlog.
- Ons Christelike geloof is 'n oorlog
- **Ons veg vir ons Kaptein Jesus Christus**
- Ons is Christelike soldate






3

# Word Kragtig

Ef 6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

- Die pad van geestelike groei
- Eindelik ("In conclusion")
  - Word kragtig in die Here
  - In die krag van die Here se sterkte.
  - Trek jou krag van die Here af.
    - Die Heilige Gees is beskikbaar



- Wees sterk wanneer dit moeilik gaan.
- Wees sterk wanneer jy aangeval word.
- Wees sterk in versoeking.
- Wees sterk in die Here en lewe!
- Wees sterk om te dien. * Sterk om te veg.
- Weest sterk in jou liefde vir God en jou medemens.

4

# Bewapen jouself ten volle

11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

- Hoekom?
  - Sodat ons staande kan bly teen die duiwel se aanvalle
    - Al sy leuens, aanslae, versoekings, planne en listigheid.




- Trek die volle wapenrusting aan.
  - Gebruik alle wapens tot jou beskikking.
  - Niks van jou kan ontbloot wees nie.
  - Ons het nie ons eie wapens nie.
  - Die Here het reeds vir ons die wapens voorberei –
    - maar ons moet dit aantrek

Ons trek die wapens aan sodat ons elke aanslag kan afweer en kan uithou. Dit is 'n worstelstryd. Die duiwel is 'n baie sterk teëstander.

5

# Ons moet weerstand kan bied

Ef 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

- Ons is instaat om suksesvol weerstand te kan bied.
- Ons kan en behoort staande bly –
  * Selfs aan die einde van die geveg.
  * Kry ons dit reg?
- Elkeen het te doen met 'n dag van onheil, versoekinge, uitdagings.
- Die Satan tree teen ons op (1 Kron 21:1)
- God se verwagting is dat ons die aanvalle moet kan weerstaan.

- Volle wapenrusting. (Elke deel)

6

# Wapens van die lig

Rom 13:10 Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is
die liefde die vervulling van die wet.
11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die
uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want
die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.
12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan
die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig
aangord.
13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en
dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en
nydigheid nie.
14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen
voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.



7

# Gordel van Waarheid

Ef 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

- **Jesus is die Waarheid.**

  Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

**Jeremiah 13:11**

11 Want soos die gord kleef aan die heupe van 'n man, so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan My laat klewe, spreek die HERE, om vir My te wees 'n volk en 'n roem en 'n lof en 'n sieraad; maar hulle het nie geluister nie.




8

## Borswapen van die Geregtigheid

Ef 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

2Kor 6:4 maar in alles beveel ons ons aan as dienaars van God, met baie geduld, in verdrukkinge, in node, in benoudhede; 2Kor 6:5 in slae, in gevangenskappe, in oproere, in arbeid, in slapelose nagte, in hongerly; 2Kor 6:6 in reinheid, in kennis, in lankmoedigheid, in vriendelikheid, in die Heilige Gees, in ongeveinsde liefde; 2Kor 6:7 in die woord van waarheid, in die krag van God, deur die wapens van die geregtigheid in die regter— en linkerhand;

*Fil 3:9 en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;*

*1Th 5:8 Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.*

*2Co 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.*




9

## Skoene

Ef 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

- Evangelie van Jesus Christus.
- Dit bring vrede met God
- Vrede met ander
- Vrede met onsself.
- Gereedheid ("preparation")




*Mat 10:11 En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, ondersoek wie daarin waardig is, en bly dáár totdat julle vertrek.*
*Mat 10:12 En as julle die huis ingaan, groet dit;*
*Mat 10:13 en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer.*

10

# Skild van geloof

Ef 6:16  Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

- Dis jou keuse of jy gaan bly glo in God selfs al is die aanslae hoe erg.
- Dit keer die vurige pyle af wat die vyand na jou gaan skiet.




11

# Helm van Verlossing

Eph 6:17  En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

- Beskerm ons koppe en gedagtes.
- Het ook te make met hoop.

*1Th 5:8  Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.*

- Ons verslossing in Christus




12

# Swaard van die Gees

Eph 6:17  En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—




- Verdedig en val aan met die swaard
- Woord van God

Heb 4:12  Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Rev 1:16  En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

- Hoe het Jesus geveg?
  "Daar is geskrywe"   (Mat 4)


Wanneer jy die Woord in jou mond sit en dit kwoteer – word dit die swaard van die Gees.

13

# Gebed vat al die wapens saam

Ef 6:18  terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges
Ef 6:19  en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak,

2Kor 10:3  Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;
2Kor 10:4  want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,
2Kor 10:5  terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,



14